Slegs vir Dieregebruik

ONE-SHOT ULTRA™ 7

Reg. Nr. G2818…..Wet 36/1947
Namibie Reg. Nr NSR 1010

Slegs vir gebruik deur of onder beheer van 'n veearts

INDIKASIES:
One-Shot Ultra™ 7 word gebruik vir die inenting van gesonde beeste en skape as 'n hulpmiddel in die voorkoming van sponssiekte veroorsaak deur *Cl. chavoei*, kwaadaardige edeem veroorsaak deur *Cl. septicum*; black disease veroorsaak deur *Cl. novyi*; gas-gangreen veroorsaak deur by *Cl. sordelli*; and enterotoksemie and enteritis veroorsaak deur *Cl. perfringens* Type B, C and D, en bees long pateurellose wat deur *Pasteurella haemolytica* 1 Tipe A1 veroorsaak word.

BERGINGSAANWYSINGS:
Bewaar tussen 2 ºC en 7 ºC. Moenie bevries nie. Verlengde blootstelling aan hoër temperature en/of direkte sonlig kan produk doeltreffenheid ongunstig beïnvloed.

SAMESTELLING:
One-Shot Ultra™ 7 bestaan uit dooie, gestandaardiseerde kulture van *Cl. chauvoei, Cl. septicum, Cl novyi, Cl sordelli and Cl. perfringens* Tipe C and D, immuniteit teen *Cl. perfringens* Tipe B word verskaf deur diebeta toksoid van Tipe C en die epsilon toksoid van Tipe D, en geinaktiveerde heel kulture van *P. haemolytica* om die produksie van leukotoksien en kapsulêre en sel geassosieerde antigene, met 'n spesiale, wateroplosbare adjuvant (Stimugen™).

WAARSKUWINGS:
Moenie inent binne 21 dae voor slagting nie.
Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
Verbygaande swelling by inspuitplek mag voorkom na inenting.
Soos met die meeste entstowwe, mag anafilakse voorkom na gebruik. Dit word aanbeveel dat adrenalien as teenmiddel gebruik word en behoort gevolg te word met gepaste ondersteuningsterapie. Hierdie entstof is doeltreffend bewys in gesonde diere, maar sommige diere mag nie in staat wees om 'n voldoende immuunreaksie te ontwikkel of te onderhou na inenting nie. Dit mag gebeur as hulle bv. enige ander siekte inkubeer, ondervoed, geparasiteer of gestres is deur vervoer of swak omgewingstoestande of immuunonderdruk is, of as die entstof nie volgens voorskrif toegedien is nie.
Alhoewel die entstof breedvoerig onder 'n wye verskeidenheid van toestande getoets is, mag dit faal as gevolg van veskeie redes. Indien dit vermoed word, raadpleeg 'n veearts en verwittig die registrasiehouer.

VOORSORGMAATREËLS:
Gebruik volle inhoud nadat oopgemaak is.
Gesteriliseerde spuite moet gebruik word om die entstof mee toe te dien. Moet nie met chemikalië steriliseer nie aangesien spore van ontsmettingsmiddel die entstof kan inaktiveer.
Verbrand die houer asook alle ongebruikte inhoud.

DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS:
Algemene aanwysings:
Inenting van gesonde beeste word aanbeveel. Aseptiese rehidrasie van die gefriesdroogde bakterien-toksoïed met die fles verdunningsmiddel. Skud goed. **One-Shot Ultra™ 7** moet asepties onderhuids toegedien word.

Beeste:
***Primêre inenting*:** Dien 'n enkeldosis van 2 mℓ toe aan gesonde beeste, gevolg deur 'n tweede dosis **UltraChoice™ 7** 4-6 weke later.
Herinenting: Jaarlikse herinenting met 'n enkeldosis van **UltraChoice™ 7** word aanbeveel vir beeste.

Skape:
***Primêre inenting*:** Dien 'n enkeldosis van 1 mℓ toe aan gesonde skape, gevolg deur 'n tweede dosis **UltraChoice™ 7** 4-6 weke later.
Herinenting: Jaarlikse herinenting met 'n enkeldosis van **UltraChoice™ 7** word aanbeveel vir skape.

AANBIEDING:

20 ml en 100 mℓ flessies.

REGISTRASIEHOUER:
Pfizer Laboratories (Pty) Ltd.
(Reg. Nr. 1954/000781/07)
Bute Laan 85, SANDTON
Posbus 783720, Sandton, 2146
Vir meer inligting skakel: (011) 320-6000

One-Shot Ultra 7, UltraChoice 7 en die Pfizer logo is Geregistreerde Handelsmerke

Kode: Spes: